**Die kerkvaders se beskouing oor die duisendjarige vrederyk**

**GDS Smit**

Die Skrif maak melding van ‘n duisend jaar van vrede voor die wederkoms van Christus. Ons vind verwysings hierna in Jesaja 65:17-25; Lukas 20:35-36 en Openbaring 20:4-6. Die vraag is egter of die kerk die duisendjarige vrederyk (oftewel millennium) as ‘n tydperk van letterlik een duisend jaar verstaan of as ‘n simboliese getal vir ‘n lang, en tog vasgestelde tydperk?

Die verskille in interpretasie oor hierdie vraag, gee aanleiding tot ‘n vraagstuk in die teologie waarna ons verwys as die *pre-, post-* en *a-millenianisme*. Ons kan die verskille kortliks so aandui:

a) *Pre-millenianisme:* die beskouing dat Christus eers sal kom en die gelowiges opneem in die hemel (“wegraap”) en dat daar dan ‘n letterlike duisendjarige vrederyk op aarde sal aanbreek, waarna Christus finaal sal kom.
b) *Post-millenianisme:* die beskouing dat daar eers ‘n duisendjarige vrederyk op aarde sal aanbreek voor die wederkoms van Christus, waarna Christus weer sal kom. Sommige verstaan die duisendjarige vrederyk as ‘n tydperk, en nie noodwendig ‘n presiese duisend jaar nie. Volgens die beskouing van die post-millenianisme sal die kerk se invloed in die wêreld al meer toeneem, sodat die wêreld in hierdie tyd sodanig sal verchristelik dat daar ‘n tydperk van vrede op aarde sal wees.
c) *A-millenianisme:* die beskouing dat die duisendjarige vrederyk ‘n simboliese getal is wat die tydperk sedert die hemelvaart van Christus tot-en-met sy wederkoms insluit. In hierdie tydperk word die mag van die Satan gebind omdat hy reeds met die opstanding oorwin is.

Vervolgens kyk ons wat die vroeë kerkvaders hieroor geleer het. Ons het ongelukkig nie hier plek om in besonderhede daarop in te gaan nie, en ek volstaan met ‘n aantal kernnotas.

## Die eerste vier eeue na Christus pre-millenianisties?

Sommige teoloë beweer dat die kerkvaders voor die vierde eeu uitsluitlik pre-millenianisties was[1]. Diegene verwys gewoonlik onder andere na Barnabas, Papias en Justinus die Martelaar, en sommige ander, wat volgens hulle, die beskouing oor die letterlike duisendjarige vrederyk op aarde geleer het.

Dit is wel waar dat die beskouing oor die letterlike vrederyk by sommige vroeë kerkvaders voorkom. In die *brief van Barnabas* 15:4-5 word byvoorbeeld aangevoer dat een dag vir God soos duisend jaar is, en dat Hy die skepping voltooi het in ses dae en op die sewende dag gerus het. Vir Barnabas beteken dit dat die geskiedenis sedert Adam sesduisend jaar sou duur, waarna die “Sabbatsrus” van ‘n duisendjarige vrederyk sal aanbreek, en die wederkoms sal volg. Ons vind dié gedagte ook by die kerkvader Papias.

In Justinus die Martelaar (110-165 n.C.) se *Dialoog met Trypho, hoofstuk 80,* verdedig Justinus die leer van die letterlike duisendjarige vrederyk, maar voeg daarby dat nie almal wat ware en opregte gelowiges is, die leerstuk deel nie. Dit is dus duidelik dat daar standpunte onder opregte gelowiges teen die pre-millenianisme was, waarvan Justinus kennis gedra het.

---

[1] Vergelyk bv. Herbert, D. 2009. *The Need for Teaching the Eschatological Gospel of Both Comings of Jesus Christ in the 21st Century.* Beskikbaar by: http://web.oru.edu/current_students/class_pages/grtheo/mmankins/DrHebert/Dissertation/2.2%20Church%20Fathers.pdf

Ons moet twee dinge in gedagte hou ten opsigte van sommige vroeë kerkvaders se aanvaarding van die letterlike duisendjarige vrederyk. Eerstens, moet ons onthou dat die vroeë kerk vir die eerste vier eeue, tot ongeveer 320 na Christus, onder wrede vervolging deurgeloop het. Die beskouing oor 'n letterlike duisendjarige vrederyk op aarde was in vele opsigte vir gelowiges in hierdie slegte omstandighede 'n troos, omdat dit die verwagting geskep het dat die bose gebind sal word, sodat die vervolging van die kerk tot 'n einde kan kom. Binne die konteks van die eerste eeue na Christus, het die beskouing die doel gedien om gelowiges te laat uitsien na die oorwinning van die kerk oor die wêreld en die gevolglike koms van die dag van die Here. Tweedens, hou die opinie dat die kerkvaders die pre-millenianisme geleer het, nie rekening met die feit dat die meerderheid kerkvaders nié die pre-millenianisme geleer het nie. Hier kan ons name noem soos: die pastor van Hermas, Klemens van Rome, Ignatius, Irenaeus, Tatianus, Augustinus en vele meer. Die eerste vier eeue na Christus was dus nie eksklusief pre-millenianisties met betrekking tot die duisendjarige vrederyk van Christus nie.

**Post-millenianisme by die kerkvaders?**

Die siening van die post-millenianisme, dat die letterlike duisendjarige vrederyk op aarde die wederkoms van Christus voorafgaan, kom slegs by die kerkvaders Hippolytus van Rome (170-236 n.C.) en Tertullianus (160-220 n.C.) voor. Gedagtes hieroor kom ook voor by Methodius van Olympus (vierde eeu na Christus), maar dit is onseker of hy bloot kennis neem van die beskouing wat voorgekom het in sy tyd in die kerk, en of hy dit self geleer het. Die beskouing van die post-millenianisme was egter nooit baie gewild in die Christelike kerk nie, en het eintlik eers sedert die negentiende eeu by van die pinksterkerke gewild geraak.

**Augustinus oor die millennium**

Die beskouing dat die duisendjarige vrederyk verstaan moet word as 'n simboliese tydperk, het veral in die teologie van die kerkvaders van Aleksandrië voorgekom, by name Klemens van Aleksandrië, Origenes en Dionysius. Hoewel hierdie name nie gewild onder sommige gelowiges is nie, het die kerkvader Augustinus veral op die beskouing van die kerkvaders van Aleksandrië voortgebou met betrekking tot die leer oor die millennium. Augustinus was aanvanklik pre-millenianisties, maar het met verloop van tyd sy standpunt oor die vrederyk verander na a-millenianisties. Augustinus kan hierna beskou word as die vader van die a-millenianistiese beskouing van die eskatologie (leer oor die eindtyd), wat die duisendjarige vrederyk as 'n simboliese tydperk tussen die hemelvaart van Christus en sy wederkoms verstaan het.

Augustinus se verstaan van die millennium het sedertdien verreweg die grootste invloed op die Westerse kerke gehad. Augustinus het die teenswoordige wêreld verstaan as 'n stryd tussen die "stad van God" en "die stad van die Satan" oftewel, 'n stryd tussen die kerk en die wêreld. Volgens Augustinus leef die gelowige sedert die hemelvaart van Christus in die duisendjarige vrederyk, waarin Satan reeds oorwin is. Hy het geleer dat die binding van Satan reeds plaasgevind het tydens die aardse bediening van Christus volgens sy verstaan van Lukas 10:18, sodat Satan nie die kerk van Christus sal of kan oorwin nie, al het hy nog beperkte mag om chaos te veroorsaak op aarde en die kerk te vervolg (*Augustinus*, *Stad van God, XX, 8*). Augustinus meen verder dat hoewel die Satan beperkte mag het, die stryd tussen die kerk en die bose voortwoed, totdat Christus eendag weer kom. Augustinus het wel gedink dat die verloop van die simboliese duisendjarige vrederyk in sy tyd reeds so ver gevorder het, dat Christus se koms baie naby was. Hy wys egter daarop dat elkeen 'n

mening het oor wanneer die wederkoms gaan plaasvind, en dat al sulke pogings verniet is, aangesien dit net God is wat weet.

Dié a-millenianistiese standpunt van Augustinus, wat die simboliese duisendjarige vrederyk aanvaar, was voorts die standpunt wat in die hoofstroom van die Westerse kerke van dié tyd af nagevolg is tot-en-met die tyd van die Protestantse Reformasie en ook daarna. Die kerkhervormers het hulle reformatoriese leerstellinge veral uit die kerkvaders se denke, soos onder andere dié van Augustinus, geput. Dit is daarom te verstane dat die a-millenianisme deur kerkhervormers soos Luther, Calvyn, Melanchton en Bullinger geleer is en in die teologie van groot name soos BB Warfield, Geerhardus Vos, Louis Berkhof en Herman Ridderbos voorkom.

Die Lutherse kerke het ‘n amptelike standpunt teen die leer van die pre- en post-millenianisme ingeneem en bely in die Augburgse konfessie, artikel 17, die standpunt van die a-millenianisme.

Wat Calvyn betref, leer hy byvoorbeeld in sy Institusie (XXV,5) dat die duisendjarige vrederyk van Openbaring 20 nie letterlik verstaan moet word nie, maar dat die duisendjarige tydperk eerder herinner aan die baie swaarkry wat die kerk hier op aarde beleef het en nog sal beleef. Op ‘n ander plek (Institusie III, 25) herhaal Calvyn dat die tydperk van ‘n duisend jaar, wat graag aangehaal word deur die mense wat die millennium leer, nie na die seën van die kerk verwys nie, maar na die baie swaarkry wat die kerk nog gaan beleef.

**Ten slotte**

Die Nuwe Testament en die vroeë kerkvaders leer konsekwent dat die koninkryk van God nou hier op aarde teenwoordig is, maar dat dit nog nie die volheid bereik het nie. Ons het reeds die koninkryk, maar ons sal eers met die koms van Christus die koninkryk ten volle erf. Die Nuwe Testament beskou ook na my mening die duisendjarige vrederyk as ‘n simboliese getal wat verwys na die heerskappy van Christus in hierdie tyd (die “reeds” van die koninkryk) totdat Hy weer kom (die “nog nie” van die koninkryk). Ek is oortuig dat dit die standpunt is wat die meerderheid kerkvaders geleer het.